

10 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 5:12,18-21

Fokusgedeelte: Romeine 5:12, 18

Die ware vrypraak

In 'n neutedop word die sondeval van die mens en ons verlossing in Jesus Christus saamgevat: Deur een mens, Adam, het die sonde in die wêreld gekom en deur een Mens, Jesus Christus, het daar vrypraak gekom.

Hieroor word daar elke Sondag gepreek. Elke preek bring ons by Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane. Hierdie evangelie mag nooit sy varsheid verloor nie en ons mag nooit ons vrypraak van sondes as vanselfsprekend aanvaar nie. Dit moet 'n wonder van God se genade bly. Dit herdenk ons ook by elke Nagmaalsviering: Jesus se bloed wat vergiet is en sy liggaam wat gebreek is.

Die gevolge van een mens wat na die verleiding van die duiwel geluister het, was katastrofies vir die hele menslike geslag, terwyl die een daad van gehoorsaamheid verlossing en oorwinning en lewe gebring het vir almal wat met 'n ware geloof in Christus ingeplant is.

Laat ons nooit vergeet nie dat hierdie pad wat Jesus bewandel het om ons te verlos, 'n pad van smarte was en dat Hy alleen die toorn van God oor 'n ganse menslike geslag moes dra. Hoe sal ons ooit die diepte van sy lydensweg kan peil?

Dank God elke dag vir jou wonderlike verlossing in Jesus Christus. Doen dit vandag weer. Gaan met vreugde kerk toe en met dankbaarheid Nagmaal toe.

Sing: Psalm 36:3 (Totius)

Ds. Pieter van der Walt (Bethlehem)